PREDIKANTE:
dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636

ds. Rynhardt Pretorius
☎ 074 944 7769

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

Gereformeerde Kerk Benoni

Rom 12:2

Polsslag

20 Januarie 2019

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

VRA JOU VRAE, VOORSTELLE OF KOMMENTAAR:
https://goo.gl/WFtT3F

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE:

09:00 OGGENDDIENS

Oordenking & bevestiging:
dr. Braam Krüger

Skrifgedeelte: *Efesiërs 4:7-16*

Tema: *Ons ontvang 'n "gawe" waardeur die Here ons toerus om diensbaar te wees in sy koninkryk.*

Intreepreek:
ds. Rynhardt Pretorius

Skrifgedeelte: *Romeine 8:18-30*

Fokusvers: *Romeine 8:29*

Tema: *MINDER van my en MEER van Jesus deur my!*

17:00 JEUGDIENS
dr. Braam Krüger & ds Rynhardt Pretorius

Skrifgedeelte: *Psalm 19*

Fokusverse: *Psalm 19:2 & 8*

Tema: *Elke dag nuut met die Here!*

18:30 AANDDIENS
Prop. Ruan Steyn

Skrifgedeelte: *Lukas 7: 36-50*

Tema: *Is die Here in jou huis of in jou hart?*

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS BY DIE EREDIENS. KOM GENIET GERUS 'N KOPPIE TEE / KOFFIE EN 'N EETDINGETJIE SAAM MET ONS NA DIE DIENS IN DIE SAAL

Daar is 'n nuwe predikantspaar in die dorp!

Gereformeerde Kerk Benoni het vandag die voorreg om ds. Rynhardt Pretorius te bevestig as mede-predikant.
Hier volg 'n skrywe van ds. Rynhard oor die vraag …

WIE IS JULLE?

" Ek het grootgeword op `n plaas in `n klein dorpie in die Noord Wes, Koster. In 2006 het ek gematrikuleer en begin 2007 vir studies aangemeld op die Puk om my vir die roeping wat die Here my gegee het te bekwaam. Dit is gedurende my studiejare dat ek vir Marelize ontmoet het en ons het in 2012 begin uitgaan. Marelize het grootgeword in Potchefstroom en is `n bedryfs-winskundige wat die laaste paar jaar in statistiek gedoseer het.

Ons het einde 2014 getrou en is nou so bietjie meer as 4 jaar getroud. Ons dogtertjie, Rode, is 2 September 2017 gebore en is dus nou 1 jaar en 4 maande oud. Ons is baie lief vir reis en geniet die buitelewe. Marelize lees graag boek, hou van kreatief wees en is `n groot diereliefhebber. Ek is lief vir sport, buitelewe en natuurlik my groot liefde is houtwerk.

Ons is albei baie lief vir die Here en vir sy kerk en glo in die visioen wat Jesus vir ons lewens het en daarom is ons elke dag op `n reis om die Here se plan vir ons uit te leef en in dit te groei. Ons glo aan `n dissipelskap kerk waar elkeen by die kerk ingeprop is en in hulle gawes die Here in die kerk en wêreld bedien. Die trefkrag van die gelowige in die wêreld is die deel wees van `n geloof gemeenskap wat uitgaan en die Evangelie bedien en leef! Daarom in ons reis van heiligmaking sê, leef, soek en smag ons elke dag na `n lewe waar 'ek' minder word en Jesus in my lewe meer word sodat ons kan sê soos Paulus in Gal. 2:20 "*en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe!*".

OP DIE PROGRAM VIR HIERDIE WEEK 20 - 27 Januarie			
DAG	**TYD**	**GELEENTHEID**	**KONTAKPERSOON**
Vandag	09:00 17:00 18:30	Oggenddiens Jeugdiens & Katkisasie gr 8 - 11 Aanddiens	
Maandag	09:30 19:15	Rynpark 5 Bybelstudie Dust Bybelstudie	Adri Goede 083 654 4821 Melani van Wyk 072 592 8866
Dinsdag	08:00	Koördineringsvergadering	Ronel Ritchie 081 218 3048
Vrydag	06:30 09:00	Mans gebedsgroep Bybelstudie	Schalk van Eeden 082 561 9409 Braam Krüger 082 459 5636
Saterdag	07:00	Bankiebouprojek	Stefan Coetzee 083 785 2713
Sondag	09:00 17:00 18:30	Oggenddiens & Katkisasie gr 1 - 8 Jeugdiens & Katkisasie gr 8 - 11 Aanddiens	

Datums & geleenthede om te onthou!

Maandag 21 Jan **DUST BYBELSTUDIE**
19:15 tot 20:30

Alle graad 7 tot 12 kinders word uitgenooi na die eerste Dust Bybelstudie vir die jaar.

Kom ontmoet die jeug-mentors en kom eet lekker pizza terwyl julle dieper in die Woord indelf.

Bring julle Bybels saam!

Navrae by Melani van Wyk 072 592 8866

Saterdag 26 Jan **BANKIEBOUPROJEK**
07:00 tot laat

Hier is 'n lekker geleentheid vir die manne om mekaar beter te leer ken. Kom help bankies bou vir die grasperk by die kerk.
Kyk, hier gaan gewerskaf word!

Stefan soek manne wat gereedskap het om staal te sny en te sweis, plastiek te sny, te boor en gereedskap om boute te draai.
Die vroue kan ook saamkom om te help in die kombuis om die "brunch" te maak.

Daar is 'n lys in die portaal by die kombuis om jou naam op te skryf as jy kan help/ 'n skenking wil maak, of om meer te weet kontak vir Stefan Coetzee op 083 785 2713

OUDERLING DIENSBEURTE	
Vandag	Harry Salomons
Volgende week	Pieter du Plessis
TEESKINKBEURTE	
27 Januarie	Wyk A3
3 Februarie	Wyk A5

Woensdag 6 Feb **KERKRAADSVERGADERING**
19:00

Die volgende kerkraadsvergadering vind DV Woensdag, 6 Februarie 2019 plaas.
Alle ouderlinge word daaraan herinner dat verslae voor of op Sondag 27 Januarie by br. Fritz Haasbroek ingedien moet wees.
Alle diensgroep- en wyksleiers se verslae moet asb. voor hierdie afsnydatum by hul ouderling ingedien wees sodat die ouderling die verslag aan die kerkraad kan konsolideer.

Kontakbesonderhede - GK Benoni skriba
Fritz Haasbroek 083 478 9869
E-pos: fritzh03@gmail.com

VERJAARSDAE 20 - 26 Januarie 2019

BAIE GELUK AAN ALMAL WAT HUL VERJAARSDAE VANDAG EN IN DIE KOMENDE WEEK VIER! MAG DIT 'N GESEENDE LEWENSJAAR WEES.

DAG	NAAM	KONTAK NO.
20/01	Roelof Bezuidenhout Denise Fourie	082 643 3838 072 657 2548
21/01	Marco Daüth ☺ Christelle Wisser	 071 875 2063
22/01	Koos Kruger Carla Walsh	083 751 4900 072 062 6947
23/01	Helgard Potgieter	084 360 9863
24/01	Edwin Calitz Diana Langenhoven	076 827 7008 066 030 6318
25/01	Theunis Haasbroek Annemarie Nel Magda Schalekamp	084 388 1226 082 296 7021 082 411 1968
26/01	Anri Hattingh ☺ Tammy Pretorius	 071 411 3696

SOEK DIE BYBELVERS

13 Januarie 2019 se antwoord: Genesis 47:1 & 2a
" 'n Rukkie hierna is vir Josef gesê sy pa is siek. Toe vat Josef sy twee seuns Manasse en Efraim saam. Daar is aan Jakob gesê: "" U seun Josef het na u toe gekom. "
Die volgende Bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur: Jan Lubbe; Una Steyn; Martie Gibson; Chrissie Pretorius; Anro van Zyl ; Judy Greyling

Hierdie week: Soek die Bybelvers 20 Januarie 2019
" Koning Salomo het die dienste bekom van Hiram van Tirus. Hiram was die seun van 'n weduwee uit die ??????????? en sy pa was 'n Tiriër, 'n vakman in bronswerk. Hiran kon enige bronswerk met vaardigheid, insig en vernuf uitvoer. Hy het in diens van Koning Salomo getree en alles gedoen wat die aan hom opgedra het".

Vraag: Uit watter stam van Israel was Hiram van Tirus se ma afkomstig?

Lees gerus Konings en noem uit watter stam Hirus se ma afkomstig was en verskaf die verse waar dit staan, en SMS die naam met jou Naam en Van na 082 873 3173.

8 - 10 Maart

MANNE-NAWEEK

Die manne van die gemeente gaan weer die naweek van 8 tot 10 Maart 2019 wegbreek.
Alle mans en seuns word aangemoedig om hierdie wegbreek-naweek by te woon.
Skryf asb. jou naam op die lys in die portaal by die kombuis as jy wil saamgaan, sodat Stefan kan bespreek.

Stable Inn Lodge in Strubenvale, Springs is 'n klipgooi van Benoni af, en almal kan op hul eie tyd arriveer.

Gaan kyk gerus na die webblad vir pryse :
stableinn.co.za
Kontak Stefan Coetzee op 083 785 2713
voor/op 10 Februarie 2019

GEBEDSLYS

Ons dra die volgende lidmate op in gebed:

Lidmate wat kankerbehandeling ontvang:
Hanlie Buys, Hettie Viljoen, Erika Buma, Hermien Venter en Elize du Plessis

Lidmate wat in die hospitaal is:
- Tannie Rita en oom Gideon Hall is beide in die Linmed hospitaal vir behandeling.
- Pieter Classen geen Dinsdag Linmed hospitaal toe vir 'n prosedure.

Ons dra die volgende op in gebed:
- Ons is dankbaar saam met die Buys-gesin dat ds. Louis se gesondheid na die hartoorplanting elke dag verbeter.
- Ons is saam met Corrie Deenick dankbaar dat die Here haar deur die chemoterapie en bestraling gedra het. Sy moet die 25ste Feb vir bloedtoetse gaan, en ons bid vir volkome genesing.
- Tante Rut Bakker is ontslaan en is in die versorgingseenheid by Fairleads.
- Tante Henny Bolt moet hospitaal toe gaan vir 'n stent in een van haar are.

SUSTERSAAMTREK 2019

Wanneer: 9 Maart 2019
Plek: Gereformeerde Kerk Brakpan
Spreker: Susan Coetzer
Koste: R190 per persoon

Daar is slegs plek vir 300 Dames !
RSVP voor of op 1 Feb 2019 by:
Christeen 082 880 4917 / christeenvj@gmail.com
As gevolg van die bepekte spasie vra ons asb dat u die getalle sal deurgee met bewys van betaling, "first come first serve".

Bankbesonderhede:
Rek naam - Geref Susters Brakpan
ABSA - Tjek Rek - nr 249340308
Tak kode - 632005
U verwysing - Kerk naam en getalle

KOLLEKTES

Kollektes van 13 Januarie:

Diens van Barmhartigheid	R 10 350
ProTeologiese bif fonds:	R 2 830
Jeugfonds:	R 114

KOLLEKTES VANDAG:

Kollekte in die banke: Diens van barmhartigheid

Deurkollekte: Emeritaatsversorging

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al dieuitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE :

BANK: ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYSING: Volle Naam, Van & Doel

Diens van Barmhartigheid

Emeritaatsversorging

GK BENONI ATTESTAATNUUS

HARTLIK WELKOM !

Attestate ontvang van ds. Rynhardt en Marelize Pretorius en dooplidmaat Rodé vanaf GK Buffeldoorns en
Attestate ontvang van Dick en Felicity van Wyk vanaf GK Noord-Oos Rand.

ROOMYS -, BOTTER - EN JOGURT BAKKIES

Belvedere Skool se voedingskema maak 2L bakkies bymekaar om vir die minder bevoorregte kinders kos-bakkies huis toe te stuur.
Bring asb. skoon 2L roomys, botter en yogurt bakkies met deksels saam en los dit by die kombuis.
Lynette Wigget sal dit daar afhaal en na die skool toe neem.
Lynette Wigget kan gekontak word op 084 350 7764

BEHUISING GESOEK:

'n (Volwasse) suster in die gemeente is op soek na 'n kamer/cottage in 'n erf om in te bly. In die omgewing van R 1500 p/m.

Kontak Braam Krüger op 082 459 5636

BYBELLANDTOER MEI 2019! GRIEKELAND EN GRIEKSE EILANDE!

Kom toer saam met my en loop op Paulus se voetspore in Griekeland! Ons vertrek DV op 4 Mei 2019 en keer weer terug op 15 Mei. Griekeland is 'n baie belangrike Bybelland – die heel eerste Europese land waar 'n Christelike kerk gestig is. Die Tessalonisense, Filippense en Korintiërs het almal in Griekeland gewoon en Paulus se reise in Griekeland word ook in die boek Handelinge beskryf.
Ons besoek onder andere Tessalonika, Filippi, Berea, Meteora, Athene en Korinte waar die
Die toer is propvol Bybelse geskiedenis, kulturele ervarings en asemrowende natuurtonele.
Die koste beloop ongeveer R 48 000 per persoon wat deel (@ R 16 per Euro). Kontak my by mvanrhyn@telkomsa.net of 082 858 0538 vir 'n volledige toerprogram en kosteberaming.
Groete,
Malan van Rhyn.